e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

11 September 2014
Jaargang 7 – Uitgawe 30

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en werkruimtes
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad
- Aanhangsel

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Israel-Gasa-konflik: Aan wie se kant is ons?

Israel is God se uitverkore volk en die land Israel is die land wat Hy aan hulle belowe het, daarom is ons as Christene aan hul kant. **So redeneer mense soms. Tog weet ons vanuit die Nuwe Testament dat die Christendom vandag *volk van God* is.**

Boonop is dit duidelik dat hierdie oorlog min met godsdiens te make het, al kan ons die wortels van die stryd in die godsdiens terugvind. Dit het alles te make met 'n politieke magspel en die dien van eie belange, daarom sien ons tekens van onversetlikheid en hardvogtigheid aan albei kante.

Die oorlog gaan spesifiek oor die Gasastrook, 'n klein gebied, ongeveer so groot soos Gauteng, ingedruk tussen Israel, Egipte en die Middellandse See. Saam met die Wesoewer-gebied vorm dit die Staat van Palestina, waar die Palestyns-Islamitiese beweging Hamas die meerderheid setels beklee.

Israel het Gasa in 1967 beset en het sy soldate en inwoners eers weer in 2005 uit die land onttrek. Om hulself te beveilig, het hulle steeds die grootste deel van Gasa se grense, hul seeroetes en lugruim beheer. Daarom glo die Palestyne die besetting duur voort, net in 'n ander vorm. Hamas weier dus om Israel se beheer oor hul grense te aanvaar, en daarom het die konflik toegeneem sedert hulle in beheer is in die streek.

Die jongste konflik het uitgebreek toe drie Israeli-tieners, wat deur die Wesoewer geryloop het, ontvoer en doodgemaak is. Beskuldigings oor en weer, weerwraak, vuurpyle vanuit Gasa en lugaanvalle vanuit Israel het gevolg, 'n oorlog wat reeds langer duur as enige van die vorige konflikte tussen die twee gebiede.

Israel staan by hul reg om hulself te verdedig. Internasionaal is daar egter ongelukkigheid oor hul aksies wat as oordrewe beskou word weens die feit dat VN-fasiliteite getref is, met die gevolglike dood van talle burgers (insluitend kinders) wat daar geskuil het, en die verlies aan wonings en besittings van duisende Palestynse burgers.

Die probleem met so 'n oorlog is die feit dat Gasa 'n klein gebied beslaan wat baie dig bevolk is. Israel beweer vuurpyle word vanuit woongebiede afgevuur en Hamas stoor wapens in huise, skole en hospitale. Dit is waarom sulke plekke soms die teikens van lugaanvalle is, met die ongelukkige gevolg dat ander huise of geboue ook getref word. Boonop gebruik Hamas ondergrondse tonnels om aanvalle te beplan en wapens te smokkel. Totdat die tonnels almal vernietig is, sal Israel nie ophou met hul aanvalle nie. Uiteindelik sal daar nie vrede wees voordat Gasa gedemilitariseer is en die bedreiging beëindig is nie.

Analiste wys uit dat Hamas al hoe meer geïsoleer is nadat hulle die steun van 'n vorige bondgenoot, Sirië, verloor het, met Egipte wat ook toegeslaan het op smokkeltonnels onder die grense deur. Die aanval op Israel is dus dalk 'n poging om verlore steun te herwin. Hulle sê ook hulle sal slegs 'n langtermynskietstaking aanvaar indien die blokkering van hul grense gestaak word.

Daar is dus geen maklike oplossing vir die probleem nie. Die groot verloorders is die onskuldige mense aan albei kante wat hul lewens, hul geliefdes of hul huise verloor het. As Christene kan ons nooit onaangeraak staan voor die lyding van mense nie en kan ons geen vorm van oordadige geweld en lewensverlies goedkeur nie. Daarom behoort ons aan niemand se kant te staan in die konflik nie, behalwe aan die kant van vrede en verdraagsaamheid, en ons bid dat dit spoedig kom.

Ds Chris le Roux

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

BEROEPE EN WERKRUIMTES

Beroep ontvang

- **Prof LJS (Lourens) Steenkamp** (emeritus) na Makarios (deeltyds)
- **Ds M (Maritza) Botha** (beroepafwagtend) na die Belfast/Waterval Boven-kombinasie (deeltyds)

Beroep aanvaar

- **Dr J (Johan) Nel** (beroepafwagtend) na Bloemfontein-Wes (deeltyds)
- **Ds M (Maritza) Botha** (beroepafwagtend) na die Belfast/Waterval Boven-kombinasie (deeltyds)

Prof Lourens Steenkamp

Ds Martiza Botha

Vakante werkruimte

- **Gemeente Rustenburg Jac van Belkum** het ’n werkruimte vir **deeltydse bediening**. Die standplaas het vakant geraak met die vertrek van ds Suzelle Lange. Jac van Belkum bestaan uit 166 belydende lidmate (218 dooplidmate). Die werkopdrag en vergoeding sal met elke aansoeker bepreek word. **Aansoeke sluit op 20 September 2014.** Vir meer inligting, skakel mev Hester Coetzee (skriba) by 083 324 9983 of ds Johnny Young (konsulent) by 083 730 0706.

Dr Johan Nel

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- Emerituspredikant **ds Jan de Wet se broer Matie** is Sondag 31 Augustus oorlede na ’n lang stryd teen Alzheimersiekte. Die begrafnisdiens het vanuit Gemeente Weltevreden plaasgevind. Dit is ’n treurige ondervinding om ’n geliefde met Alzheimersiekte so te sien agteruitgaan. Ons verseker die naasbestaandes van ons innige simpatie en bid hulle krag en vertroosting toe.

- **Ds Paul Kern** van Gemeente Sannieshof **se moeder** is Donderdagoggend 4 September oorlede. Sy is ook die ouma van ds Leslie Kern van Gemeente Ebenhaézer in Ellisras en die moeder van oudl Kerneels Kern van Gemeente Zoutpansberg. Ons innige simpatie gaan aan al haar naasbestaandes.

- **Oudl Chris Campher** van Gemeente Odendaalsrus, vir baie jare lid van die Ringskommissie van Bothaville, is Sondag 7 September oorlede. Ons innige simpatie gaan aan sy naasbestaandes.

- **Dr Piet Boshoff** van Gemeente Vereeniging het Dinsdag 9 September ’n heupvervanging ondergaan. Ons bid hom spoedige en algehele herstel toe.

- Emerituspredikant **ds Jan Grobler** ondergaan Maandag 15 September ’n knievervanging in Pretoria. Intussen het **sy vrou, Miemie,** op Dinsdag 9 September ’n galblaasoperasie in Kroonstad ondergaan. Ons bid die egpaar algehele herstel toe.

- **Dr Johan Nel** word Sondag 14 September in **Gemeente Bloemfontein-Wes** bevestig as deeltydse leraar. Die skriba, mnr Dewald König, laat weet soos volg: “As ons terugdink aan ’n jaar gelede, was dit net voordat die aanslag van binne teen ons gemeente en die NHKA sy hoogtepunt bereik het. Die gemeentevergadering van 24 November 2013 het ons hartseer, dankbaar maar onseker gelaat. Genade en die wete dat God self sy kerk in stand hou, het ons gedra. Dr Nel, as konsulent,

Dr Johan en Ilse voor.
Agter is Carel, Carmi en Werner

het ons met sy professionele, nederige en doelgerigte benadering weer op die pad geplaas na 'n volwaardige en meelewende gemeente, en ons is dankbaar dat ons hom as leraar kan ontvang en saam met hom en sy gesin kan werk en bou. Baie welkom van ons kant aan dr Johan en Ilse en hul kinders."

Dr Wim Dreyer en ds Chris Ferguson

- **Dr Wim Dreyer** het verlede week besoek afgelê by die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke **(WCRC)** in Hannover, Duitsland. **Op die foto** is dr Dreyer saam met ds Chris Ferguson, algemene sekretaris van die WCRC.

Dr André Ungerer

- **Nuwe hoof vir HTK aangewys. Dr André Ungerer** van Gemeente Klerksdorp-Doringkruin en vorige redakteur van *Die Hervormer* is aangewys as nuwe hoof van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK). Hy aanvaar op 1 Januarie 2015 diens in sy nuwe hoedanigheid. Die huidige hoof van die HTK, dr Christo van der Merwe, het reeds in Mei vanjaar geëmeriteer, maar sy kontrak is verleng tot 31 Desember 2014, en hy sal die pos beklee totdat dr Ungerer by hom oorneem.

- **Dr Gerhard Lindeque**, ondervoorsitter van die Kommissie van die AKV, het die Kommissievergadering van 4-5 September gelei terwyl dr Wim Dreyer in Nederland is met studieverlof. Hy gee in 'n **kort video** inligting oor belangrike sake wat die Kommissie bespreek het. Die Kommissie het **dr André Ungerer** aangestel as die nuwe hoof van die HTK, en hy sê ook kortliks in 'n video hoe hy die nuwe uitdaging sien. Die twee video's word binnekort op die Kerk se webblad by **http://www.nhka.org/index.php/so-se-ons-11/video.html** opgeneem.

- **Discovery** benodig die **identiteitsnommers van alle pasgeborenes** om hulle as afhanklikes van mediesefondslede te registreer. Die indiening van die identiteitsnommers is **verpligtend**. Die Departement van Binnelandse Sake reik nou die identiteitsnommers by talle hospitale uit. Kontak u konsultant indien u enige navrae in hierdie verband het.

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Ouderdom gedra hom soos 'n knaagdier! Hy knaag soms aan jou voete, dan jou knieë, jou heupe. Hy ontsien nie jou skouers en jou nek nie. Uiteindelik begin hy aan jou kop en denke knaag. Maar elke bejaarde moet onthou: Ouderdom knaag nie aan jou geloof nie. Elke kind, jongmens en middeljarige moet onthou: Jou pa, ma, oupa, ouma, oupagrootjie en oumagrootjie maak staat op jou liefde en meelewing. Liewe lidmate van alle gemeentes, jul bejaarde lidmate steun op julle! Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

aksiegroep vir bejaardes

- **Bestellings vir die kerklike publikasies** moet verkieslik **voor einde September maar nie later nie as 15 Oktober 2014** deur SENTIK ontvang word. Kontak mev Susann van Zyl by **sentik@nhk.co.za**, tel 012 322 8885 x291 of faks 086 633 4054. Die **pryse** van die publikasies in 2015 is soos volg:

- ***Konteks*:** R185 vir 10 uitgawes; R25 + posgeld per individuele uitgawe
- ***Almanak/Bybelse Dagboek***: R140
- ***Die Hervormer***: Individuele intekenaars R110 vir 11 uitgawes; R15 per individuele uitgawe

Deur kerkrade se tradisionele intekening op 'n aantal gedrukte eksemplare van *Die Hervormer* te omskep in 'n jaarlikse bydrae tot kerklike kommunikasie, sal dit moontlik wees om van Januarie 2015 af *Die Hervormer* in gedrukte formaat én elektronies uit te gee. In die meeste gevalle sal dit vir die gemeente 'n besparing meebring, terwyl dit meer lidmate die geleentheid sal gee om *Die Hervormer* te lees waar en wanneer dit hulle pas. Dit hou ook die voordeel in dat lidmate wat *Die Hervormer* elektronies lees, nou onder elke berig kommentaar kan lewer.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Vrydag 12 tot Sondag 14 September: Voetsporefees**
  Aangebied deur die RDV van die ring van Losberg
  Hoërskool Jan Viljoen se sportgronde (Randfontein)
  Kunstenaars: Gerrie Pretorius, Fredi Nest, Dillon Lerm, NRG,
  Marli (lyndansers), Tanya V, Maritza, Jerome Alden, Tommy Oliver en
  die Kannie Worries Boere-orkes
  Ook: rodeo, hondevertoning, uitstallers, modelkompetisie, pretpark, kosstalletjies en baie meer
  Die fees sluit af met 'n gesamentlike ringserediens
  Kontak Mac van Zyl (082 806 7650) of Elize Coetzee (074 561 5385)

- **Vrydag 12 tot Sondag 14 September**
  Gemeente Philadelphia is 50 jaar oud en vier fees
  Alle oudlidmate welkom
  Vrydag 12 September: Duitse kuieraand
  Saterdag 13 September: Basaar en *Amazing Race*
  Sondag 14 September: Dankdiens
  Navrae aan Elize by 012 362 7237 of **philadelphia@nhk.co.za**

- **Sondag 14 September om 08:30: Gemeente Swartkop**
  Emeritaataanvaarding van ds Dries Beukes
  Prof Theuns Dreyer sal namens die Kommissie van die AKV optree
  Mnr Elmar Struwig sal namens die Raad van Finansies groete oordra
  Meer besonderhede by **nhswartkop@telkomsa.net**

- **Sondag 14 September: Gemeente Bloemfontein-Wes**
  Bevestiging van dr Johan Nel
  Navrae aan Dewald König by **dewald.konig@za.pwc.com**

- **Sondag 21 September om 09:00: Gemeente Pretoria-Oos**
  Inwyding en onthulling van laaste 8 loodglasvensters
  Die gemeente is oor die afgelope 18 maande besig om die bestaande vensters van die kerkgebou met loodglasvensters te vervang. Uiteindelik sal die 16 vensters in totaal die 16 belangrikste momente in die Kerkjaar uitbeeld. Die aangrypende ontwerpe is gedoen deur dr Wian Kloppers. Alle belangstellendes is welkom by die dank- en feesgeleentheid. Kom deel gerus met Woord en lied en musiek in ons vreugde.
  Navrae aan mev Diana Henry by **ptaoos@nhk.co.za**

Allegaartjie

Een van die kleinste en nederigste blommetjies in die natuur – die jasmyn – het die heel soetste geur op aarde. (William Wordsworth)

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 19 September, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 11 September: Ds APJ (Dries) Beukes (Swartkop)
  - Vrydag 12 September: Ds M (Mariaan) Schutte (buiteland)
  - Saterdag 13 September: Dr CJ (Johann) Beukes (Weltevreden)
  - Sondag 14 September: Dr HJ (Hennie) Botes (emeritus)
  - Maandag 15 September: Ds PDM (Pieter) le Roux (Vaalharts)
  - Dinsdag 16 September: Ds CL (Stoffel) Badenhorst (emeritus)
  - Woensdag 17 September: Di WJ (Willie) Herbst (emeritus) en PD (Piet) Rautenbach (Nkana)
  - Donderdag 18 September: Ds PJ (Peet) Kruger (emeritus)
  - Vrydag 19 September: Di AJ (Attie) Hattingh (Krugersdorp-Noord) en AJ (Kobus) Pienaar (Kruin)

’n Gedig oor die lente

Lente-herinnering

die lente
het my vaal griepgesig
oorval met appelgroen
en soet soos waatlemoen
pienk skywe wolke swart pitjies note
voëlmusiek tortels torring
aan die lug se seilblou doek
van gister-vandag-en-môre
purper petrea laventelbos kapokwit
appelkoos korale clivias bome
maak pers sambrele oop

september het ’n westransvaalse weemoed:
huilwind-verwaaide iris vlugsout
van sipres en stof
keer tot stof
as van rose swaar in die lug
die lykswa soos ’n koets voor ons huis:
Pa gaan weg
vir altyd
op ’n snikwarm
lentedag

Eveleen Castelyn (1928-2004)
(Uit: *Kubermens* 1999)

Beplande vergaderings

- Saterdag 13 September: NHSV Hoofbestuur
  Monumenttehuis Ledevergadering
- Maandag 15 September: Redaksie van *Konteks*
  Raad vir Kerkregtelike Advies
- Donderdag 18 September: Redaksie van *Die Hervormer*
  OSR Bestuursvergadering

Kursusse en toerusting

- **NHKA Predikante Aftreefonds: Aftreeseminaar**
  Vrydag 26 September 10:00 tot 12:00
  Dirk van der Hoffgebou, Pretoria
  Vir lede wat tussen 3 jaar en 10 jaar vanaf aftrede is
  Lede van die NHKA Personeelpensioenfonds ook welkom
  Stuur e-pos aan Susan Moore by **mannekrag@nhk.co.za** as u gaan bywoon

- **Konferensie oor Gesins- en Jeugbediening & Bybelvasvra**
  Vrydag 26 tot Sondag 28 September
  Kwaggasrus-kampterrein
  Predikante, kerkraadslede, jeugmentors, ouers, jongmense en ander welkom
  Koste: R380 per persoon (2 nagte, 3 dae) kamp-akkommodasie
  en 5 etes ingesluit
  (chalets beskikbaar teen hoër tariewe)
  Vir inligting en besprekings rakende konferensie, skakel dr Thinus van Staden (084 589 7035) of ds Marthinus van Staden (+267 7130 7197)
  Vir inligting en besprekings rakende Bybelvasvra, skakel di Stephen de Beer (074 658 4630) of Marius Bacon (083 297 6135)

Skryfwenke

Die skrywer Jaco Kirsten sê die skryf van goeie rubrieke is so bevredigend soos om laataand uit die hart uit blues vir ’n waarderende gehoor te kan sing. Hy gee enkele wenke wat ’n persoon met die nodige talent, entoesiasme en toewyding nog ’n bietjie meer kan help.

’n Rubriek is jou eie, subjektiewe opinie. Dit sit mense aan die dink – jy kan mense laat lag, laat huil en soms selfs kwaad maak. Maar jou argumente moet altyd sin maak. Dit mag nooit verveel nie. Geen publikasie kan bekostig om ruimte af te staan aan iemand wat lesers verveel nie.

Jy moet tot ’n punt kom. ’n Goeie rubriek eindig met ’n slotargument wat die onderwerp netjies afsluit. Dit kan snaaks of insiggewend wees. Moet net nie stomp eindig nie, anders gaan dit lyk of jou idees opgeraak het of dat jy belangstelling verloor het.

Hou dit interessant – hoe aktueler jou onderwerp, hoe groter is die kans dat lesers daarin belang sal stel. Daar moet ook afwisseling wees – lesers raak verveeld as ’n rubriekskrywer altyd oor dieselfde goed kla.

Dit is soms polemies. Onthou, jy spreek ’n opinie uit. Dus moet jy verwag dat ander daarop gaan reageer. ’n Goeie rubriek is geskryf met oortuiging. Dit help nie om só te skryf dat die lesers nie weet of jy vír of téén ’n kwessie is nie.

Gaan sit en maak aantekeninge oor relevante punte en staaltjies. Dit stimuleer jou denke en laat jou dinge onthou wat jy andersins dalk sou vergeet het. Sit en skryf dan net. Dit is een van die groot waarhede omtrent enige skeppende skryfwerk – geen storie of rubriek skryf homself nie!

(Bron: *Die Afrikaanse skryfgids.* Saamgestel deur Riana Scheepers en Leti Kleyn, 2012)

Tuki e'State

Studente-akkommodasie
Universiteit Pretoria

Gemeubileerde kamers in private koshuis en kommunes beskikbaar vir studente
Naby Universiteit, sportgronde en inkopiesentrums
Vir Afrikaanse Christenseuns en -meisies

Vanaf R2 800

+27 12 362 1192 / +27 79 500 7500 / +27 71 659 6114
E-pos: admin@tukiestate.co.za / Info: www.tukiestate.co.za

Konserte en feeste

- **Sondag 14 September om 15:00: Koorfees**
  Tienie van Wyk en Gemeente Vereeniging
  Qualitrio, Deltakoor, Strictly Strings
  en Vereeniging Gimnasium Skoolkoor
  Kerkgebou, Hofmeyerlaan 45, Vereeniging
  R40 per persoon
  Navrae aan **boshoffcarin@gmail.com**

- **Gemeente Vaalpark: Wen kaartjies vir *Afrikaans is groot!***
  2 kaartjies vir Saterdag 22 November om 19:30
  Vertoning by Moreletapark
  R100 per inskrywing, trekking Sondag 28 September
  Vir deelname/navrae kontak Amori by 079 661 0611
  of Danie by 082 816 8453

Sportbyeenkomste

- **Vrydag 12 September: Gemeente Bronkhorstspruit: Gholfdag**
  Plek: Bronkhorstspruit Gholfklub
  Formaat: 4BBB
  Afslaan: 11:00
  Koste: R250 per speler
  Kontak Attie Botha by 083 627 4263 / **attiebotha@telkomsa.net**

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Bulawayo sê dankie!**
  "Die gemeente in Bulawayo wil graag die vriende van Bulawayo, wat die kompetisie vir die **Gemeente-hulpfonds 2014** uit Suid-Afrika geloods het, bedank vir die inisiatief en moeite. Besondere dank aan Marlene van der Merwe in Pretoria wat dit gekoördineer het. Die **wenners** wat op Saterdag 6 September deur die rekenaar getrek is, is soos volg:

  1ste prys: Halwe bees – Food Lovers' Market, Bulawayo
  2de prys: Agterkwart – Del Vosloo, Bulawayo
  3de prys: Skaap – Ray Smithwick, Bulawayo

  Ons wil graag gemeentes en almal wat ons situasie ondersteun het, bedank daarvoor. Ons het besondere waardering dat die 1ste en 3de prys teruggegee is aan die gemeente om te versprei onder die behoeftiges. Dit is 'n gebaar wat so mooi aansluit by die presiese doel van die insameling! Dank ook vir volgehoue voorbidding. Opregte broederlike groete uit Zimbabwe!" (Ds Theuns Botha)

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Fondsinsamelings**
  - Wen ’n skootrekenaar: Samsung Notebook NP270E5E
    R10 per kaartjie
    Kontak Tobie by 083 327 1500 / **nhksasolsuid@gmail.com**
  - Wen ’n versamelaarsmes (foto links)
    R50 per kaartjie
    Navrae aan **nhksasolsuid@gmail.com**
  - Koop ’n motorfiets: Kawasaki ZZR 1100
    Ongeveer 67 500 km, goeie toestand
    R22 000 onderhandelbaar
    Kontak Freddie by 083 436 1402



Basaars en markte

- **Vrydagaand 26 en Saterdag 27 September: Gemeente Bronkhorstspruit**
  Lentefees met braairestaurant, verskeidenheid stalletjies
  met heerlike eet- en drinkgoed
  Vermaak vir die kinders
  Navrae by 013 932 2929 / **nhbhs@telkomsa.net**

- **Saterdag 27 September: Gemeente Klerksdorp-Suid: Basaar**
  By Goudkoppie op N12, Klerksdorp
  Navrae aan ds Denise Schmidt by **denise7zcj@gmail.com**

- **Saterdag 4 Oktober: Gemeente Strand: Saamstaanfees**
  Heerlike eetgoed, speletjies en baie meer
  Koop ’n kaartjie teen R50 en wen
  Koopbewys van R3 000 van ’n juwelierswinkel in Somerset-Wes
  of ’n wegbreeknaweek of -midweek
  of 6 goeie bottels Kaapse wyn en nog 2 bottels en nog 1 bottel
  Boekie het 10 kaartjies – ons pos dit dadelik vir u
  en hou die teenblaadjie gereed vir die trekking op 4 Oktober
  Kontak Douw Steyn by 071 382 1900
  of Susan Swanepoel by 083 446 0020

ANDER NUUS

Lesers kan **kort kommentaar** (uiters 100 woorde) stuur na **produksie@nhk.co.za**. Anonieme bydraes word nie gebruik nie, en die finale besluit oor plasing berus by die redakteur.

- **Vakature: Voltydse orrelis: NG Kerk Alberton-Wes**
  BMus-graad en ondervinding van koorafrigting aanbeveel
  Bewese rekord van pyporrelbegeleiding

van minstens 3 jaar in ’n gemeente
Vergoeding volgens SAKOV-salarisskale
Sluitingsdatum vir aansoeke **15 September 2014**
Stuur CV na **ngkalbw@iafrica.com**
Navrae aan Deona Bernard by 011 869 0001

- **Vakature: Projekbeampte (Kontrakaanstelling)**
  Bybelgenootskap van Suid-Afrika
  Departement Vertaling, Hoofkantoor, Bellville
  Vyfagtstes-pos (projekondersteuning aan Bybelvertalers)
  Minimumvereistes: Seniorsertifikaat; gevorderde vaardighede in MS Word, Excel, Outlook, HTML
  Volkome tweetalig (Engels en Afrikaans)
  Prestasie-areas: Installering van sagteware
  Opleiding van vertalers ten opsigte van sagteware
  Opstel en byhou van intra- en internet-databasisse
  Sistematiese argivering en verwerking van kommentaar
  Tegniese verwerking van tekste
  Sluitingsdatum 12 September, diensaanvaarding 1 November 2014
  Navrae aan **personnel@biblesociety.co.za**

- **Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA): Momentum 94.7 Fietswedren Sondag 16 November**
  Registreer **voor 25 September**
  en kry gunstige wegspringtyd én trap vir Bybels
  Ondersteun die BSA met die aankoop van verskillende pakkette
  Meer inligting by Johan Peyper 082 335 1722 / **peyper@biblesociety.co.za**
  of Marina Stebbing 011 970 4010 / **stebbing@biblesociety.co.za**

AGTERBLAD

Gebed vir die week

Gee my elke aand
onder die skittering van u sterre
’n dankbare hart
vir die skoonheid van u skepping,
en vir die voorreg dat ek vandag
’n klein stukkie kon bydra
tot die grootsheid van u wêreld.

(Die ab van Grèves)

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Die Universiteit van Pretoria se verbintenis tot kwaliteit maak ons een van die top navorsingsuniversiteite in die land en gee ons 'n mededingende voordeel in internasionale wetenskap- en tegnologie-ontwikkeling.

In die nastrewing van die ideale van uitnemendheid en diversiteit, word aansoeke vir die volgende pos ingewag.

'n Tydelike-deeltydse vakature het ontstaan in die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek vir 'n gelegitimeerde persoon van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) in ooreenstemming met 'n ooreenkoms tussen die NHKA en die Universiteit van Pretoria.

FAKULTEIT TEOLOGIE

DEPARTEMENT DOGMATIEK EN CHRISTELIKE ETIEK

LEKTOR/SENIOR LEKTOR

(TYDELIKE-DEELTYDSE POSISIE VIR 20 URE PER WEEK) (Verw. 21659)

Pligte: Die bekleër se primêre verantwoordelikhede sluit in (maar is nie beperk nie tot) die volgende: • Onderrig op voor- en nagraadse vlak in die dissipline van Dogmatiek en Christelike Etiek • Uitvoer van navorsingspligte en take soos deur die Fakulteit Teologie bepaal • Betrokkenheid by die aktiwiteite van die Departement.

Minimum vereistes:

Lektor: • MDiv-graad (met spesialisering in Dogmatiek en Christelike Etiek) of 'n gelykstaande kwalifikasie (HOKR 8) • Ten minste een jaar ervaring van onderwys/onderrig aan 'n tersiêre instelling • Bewese belangstelling in die dissipline van Dogmatiek en Christelike Etiek (soos geïllustreer in die tema van spesialisering en ander publikasies) • Nagraadse studie in Dogmatiek en Christelike Etiek.

Senior Lektor: • PhD (Dogmatiek en Christelike Etiek) of gelykstaande kwalifikasie (HOKR 10) • Ten minste drie jaar ervaring van onderrig/betrokkenheid aan 'n tersiêre onderwysinstelling • Bewese navorsingsrekord van akademiese publikasies in Dogmatiek en Christelike Etiek • Nasionale erkenning as gevestigde akademikus • Suksesvolle toesighouding vir nagraadse studente op magistervlak.

Die jaarlikse vergoedingspakket vir hierdie pos sal in ooreenstemming met die suksesvolle kandidaat se vlak van aanstelling wees, volgens UP-beleid en -riglyne. Die vergoeding vir hierdie tydelike-deeltydse pos sluit nie medies- en voorsorgfondsbydrae in nie volgens UP-beleid.

Aansoekers word versoek om elektronies aansoek te doen met vermelding van die toepaslike verwysingsnommer.

Om aansoek te doen vir hierdie pos, heg asseblief aan: • 'n Omvattende CV • Gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies • Die name, e-pos- en telefoonbesonderhede van drie referente wat ons mag kontak •Die name en kontakbesonderhede van eweknie-beoordelaars (akademie en navorsing) • Selfevaluering.

SLUITINGSDATUM: 22 September 2014.

Geen aansoek sal oorweeg word as dit na die sluitingsdatum ontvang word nie, of as dit nie ten minste aan die minimum posvereistes voldoen nie.

NAVRAE: Prof. J. Buitendag, tel. (012) 420-2322.

Indien daar nie teen **30 November 2014** met u in verbinding getree is nie, aanvaar asseblief dat u aansoek onsuksesvol was.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

www.up.ac.za skakel: Careers@UP

Die Universiteit van Pretoria is verbind tot gelykheid, billike diensbetrekkinge en diversiteit. Alle kandidate wat voldoen aan die aanstellingsvereistes word uitgenooi om aansoek te doen. Ooreenkomstig die Gelyke Indiensnemingsplan van die Universiteit en die doelwitte en teikens wat daarin vervat is, mag voorkeur verleen word aan kandidate uit onderverteenwoordigde aangewese groepe, maar word nie tot sulke kandidate beperk nie. Die Universiteit van Pretoria behou die reg voor om nie 'n aanstelling in die pos soos geadverteer te maak nie.

SSRA 1-9-14